BIOTEGNOLOGIE: GENETIESE MODIFISEERING VAN GEWASSE



GM IN SUID-AFRIKA



VOEDSELSEKURITEIT

VOED DIE WÊRELD, NOU EN IN DIE TOEKOMS.

HOE VOEL JY OOR GENETIESE MODIFISEERING?

SOOS MET ALLE TEGNOLOGIE IS DAAR VOORDELE EN RISIKO'S.

GM MAG ONS BINNEKORT IN STAAT STEL OM:

MEER GEWASSE OP MINDER GROND TE VERBOU, EN OM GEWASSE TE VERBOU WAAR DIT VANTEVORE TE DROOG OF TE SOUT WAS.

GEWASSE VIR NUWE GEBRUIKE SOOS BIODEGRADEERBARE PLASTIEK, VOEDSELAANVULLINGS OF FAMASEUTIESE PRODUKTE TE VERBOU.

MAAR KOMMER IS AL UITGESPREEK OOR DIE GESONDHEIDS- EN OMGEWINGSRISIKO'S

SAL DIE SKUIWING VAN GENE TUSSEN SPESIES TOKSIENE PRODUSEER WAARVOOR DAAR NIE TANS GETOETS WORD NIE?

SAL GM-GEWASSE MET WILDE PLANTE KRUISBESTUIF EN ONGEWENSTE EIENSKAPPE OORDRA WAT BIODIVERSITEIT KAN BEDREIG?

... ASOOK MAATSKAPLIKE EN EKONOMIESE RISIKO'S

GM-VERVAARDIGERS GEBRUIK GEPATENTEERDE GENE WAT MEER KAN KOS EN GROEIBEPERKINGS HET.

SAL DIE GEWASSE, NOU EN IN DIE TOEKOMS, BEKOSTIGBAAR EN TOEGANKLIK WEES VIR BOERE EN SAL TRADISIONELE SAAD EN TEGNIEKE BEWAAR WORD OF VIR ALTYD VERLORE GAAN?

GM IS HIER MET SY VOORDELE EN NADELE. WATTER KEUSES SAL JY MAAK RAKENDE DIE GEBRUIK DAARVAN?

Department of Science and Technology

Dié plakkaat is deel van 'n reeks wat deur Rapid Phase (Pty) Ltd (www.rapidphase.co.za) namens die 'Public Understanding of Biotechnology' program vervaardig is.
Vir meer inligting of om jou mening te gee, besoek www.pub.ac.za, kontak speakup@pub.ac.za of faks: (012) 320 7803.

PUBLIC UNDERSTANDING OF BIOTECHNOLOGY

Poster 5 Afrikaans version.indd 1
2005/02/25 11:12:22 AM